



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2014

VRYSTAAT

MEMORANDUM

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 20 bladsye.

ASSESSERINGSRIGLYNE

AFDELING A: LEESBEGRIP

- Geen penalisering vir spel- en taalfoute nie.
- Sien elke keer slegs die eerste sin of feit na.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik, word daardie vreemde woord geïgnoreer.
Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- **Aanhalings uit die leesstuk:**
Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- **Eenwoord-antwoorde:**
Indien die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- **Ja/Nee-vrae:**
Geen punte word vir Ja/Nee toegeken nie.
Die rede of motivering moet korrek wees.
- **Waar/Onwaar vrae:**
 - Waar/Onwaar is KORREK = ✓
plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
 - Waar/Onwaar is KORREK = ✓
maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = x
 - Waar/Onwaar is VERKEERD = x
Die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = x,
ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
Waar/Onwaar is KORREK ✓ maar motivering ontbreek = x
- **Meervoudigekeuse-vrae:**
Slegs die regte letter gegee. ✓
Slegs die regte antwoord, sonder die betrokke letter. ✓
Volsin gegee met regte antwoord in. ✓
- **Oop vrae**
Rede/motivering KORREK = ✓
GEEN punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE.

VRAAG 1:**TEKS A:TYDSKRIFARTIKEL**[Verwerk uit *Kuier*, 4 Julie 2012]**(351 woorde)**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
1.1	(Naby) Villiersdorp	1	2	2	1
1.2	Sekondêre Skool Swartberg	1	2	1	2
1.3.1	Onwaar	1	2	2	2
1.3.2	Hy het besluit om eerder onderwys te studeer.	1	2	2	2
1.4	Daar was nie meer genoeg geld nie.	1	2	2	1
1.5	<ul style="list-style-type: none"> Op die plaas Op Bo-Radyn (Enige EEN)	1	2	2	1
1.6	<ul style="list-style-type: none"> 9 Nege (Enige EEN)	1	2	2	1
1.7	<ul style="list-style-type: none"> Verkiesingsopvoeding Hy het hulle geleer hoe om te gaan stem. (Enige EEN)	1	2	2	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> Dit het nie opgehou nie./Passie het aangehou. Hy wou nog steeds 'n onderwyser word. Hy wou nog steeds mense leer. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	2	3
1.9.1	Onwaar	1	2	2	2
1.9.2	Hy het 'n B.Com-graad verwerf. (Of soortgelyk)	1	2	2	2
1.10	<ul style="list-style-type: none"> Hy kon werk terwyl hy studeer. Hy kon geld verdien terwyl hy studeer. Hy het nie geld gehad om voltyds te studeer nie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	2	3
1.11	<ul style="list-style-type: none"> Bestuurspos. Hy was 'n bestuurder. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	2	1
1.12	<ul style="list-style-type: none"> D Sy vrou, Lorraine. D Sy vrou, Lorraine. (Enige EEN)	1	2	2	2

1.13	Hy het eers tyd saam met sy vrou en kinders deurgebring.	1	2	2	2
1.14	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het die vorige aand nie genoeg tyd gehad nie. • Hy het nie klaargekry nie. • Daar was te veel werk. • Hy het ander dinge/werk gehad om te doen. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3
1.15	(In) 2011	1	2	2	1
1.16.1	Onwaar.	1	2	2	2
1.16.2	Hy het die praktiese deel van sy onderwysstudies in die klaskamer gaan doen. (Of soortgelyk)	1	2	2	2
1.17	<ul style="list-style-type: none"> • Die leerders wat nou in Villiersdorp op skool is. • Die leerders vir wie Johannes nou skoolhou. • Villiersdorp se kinders van vandag. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3
DENKVLAK 1: 7/20 (35%) DENKVLAK 2: 9/20 (45%) DENKVLAK 3: 4/20 (20%) = 100%					
SUBTOTAAL: 20					

TEKS B: INFORMATIEWE TEKS[Verwerk uit *Kuier*, 10 Oktober 2012]**(100 woorde)**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
1.18	Frankryk	1	2	2	1
1.19	12,3 miljoen	1	2	2	1
1.20.1	Indië	1	2	1	1
1.20.2	25 000	1	2	1	1
1.21	Doebai	1	2	1	2
1.22	<ul style="list-style-type: none"> • D • Grondboontjebotter-en-konfytbroodjies. • D Grondboontjebotter-en-konfytbroodjies. (Enige EEN)	1	2	2	2
1.23.1	Waar	1	2	2	2
1.23.2	Die skooldag begin al halfagt soggens en eindig eers halftien saans.	1	2	2	2
1.24	<ul style="list-style-type: none"> • Dis deel van België se tradisionele musiek. • Dis deel van die Belgiese kultuur. • Die Belge hou van musiek. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	2	3
1.25	<ul style="list-style-type: none"> • Daar was moontlik nie 'n skool naby hom nie. • Sy ouers wou dalk nie gehad het hy moes skool toe gaan nie, maar eerder werk. • Vir baie mense was skool lank gelede nie belangrik nie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	2	3

DENKVLAK 1: 4/10 (40%) DENKVLAK 2: 4/10 (40 %) DENKVLAK 3: 2/10 (20%) = 100%

SUBTOTAAL: 10**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: OPSOMMING[Verwerk uit *Huisgenoot in die klaskamer: Skooltake en Kuier*, 13 Maart 2013**(206 woorde)****ALGEMEEN:****SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

Feit	7
Taal	<u>3</u>
	= 10

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE

	PUNTE
Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in 'n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.	
1–3 feite korrek	1
4–5 feite korrek	2
6–7 feite korrek	3

LET WEL**Formaat:**

- Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

Woordtelling:

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidaat se opsomming te lank is (meer as 60 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 50), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

Algemeen:

- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 65 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.
- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, en nie deurgehaal of as rofwerk aangedui word nie, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.

VRAAG 2: WATER**FEITE**

	VERWAGTE ANTWOORDE	TEKS
1.	<ul style="list-style-type: none"> Almal het water nodig om te oorleef. (7) Water is nodig om te oorleef. 	Mens, diere en plante het water nodig om te oorleef. 'n Mens kan amper 'n maand lank sonder kos klaarkom, maar sonder water sal jy nie oorleef nie. (28)
2.	<ul style="list-style-type: none"> Ons drinkwater is beperk. (4) Slegs 3% van ons water kan gedrink word/is vars. 	Ons drinkwater is baie beperk. Al bestaan 70% van die aarde se oppervlak wel uit water is net 3% van die water vars en kan gedrink word. Ons kan ook nie seewater gebruik nie, omdat dit te sout is. (41)
3.	Die menslike brein bestaan uit sowat 85% water. (8)	Die menslike brein bestaan uit sowat 85% water. Om jou brein te help om beter te funksioneer, behoort jy dus genoeg water te drink en minder sap en koeldrank. (30)
4.	'n Mens moet groot respek vir water hê. (8)	Ons lees dikwels hoe mense in swembaddens, riviere of die see verdrink. Veral na swaar reën, is riviere gevaarlik. 'n Mens moet groot respek vir water hê. (27)
5.	Boere het water op hulle plase nodig. (7)	Boere het baie water op hulle plase nodig. As dit nie genoeg reën nie, of hulle kan nie genoeg water uit riviere kry nie, moet hulle boorgate boor en windpompe oprig. (31)
6.	<ul style="list-style-type: none"> Ons moet rivierwater eers suiwer voordat ons dit kan drink. (10) Rivierwater is net drinkbaar nadat dit gesuiwer is. 	Rivierwater moet eers gesuiwer word voordat ons dit kan drink. Nadat die water gesuiwer is, word dit na 'n reservoir gepomp. Vandaar word dit in waterpype na woongebiede gevoer. (29)
7.	Ons moet ons waterbronne goed oppas. (5)	Omdat die mense op die aarde al meer word, het ons meer vars water nodig. Dit is die rede waarom ons alle waterbronne goed moet oppas. As ons waterbronne besoedel, sal daar nie genoeg skoon water vir almal wees nie. (40)
	GETAL WOORDE= (50–60/ 65 maksimum) Hierdie opsomming = <u>50</u> woorde	GETAL WOORDE = 226 (Disjunktief = ± 200 woorde)
DENKVLAKE 1: 0/10 (0%) DENKVLAKE 2: 0/10 (0%) DENKVLAKE 3: 10/10 (100%) = 100%		
TOTAAL AFDELING B: 10		

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE** [Verwerk uit *Weg*, Augustus 2005]

- **Spelling moet korrek wees om punt te verdien.**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
3.1	Kerkstr.	1	4	1	2
3.2	hoë	1	4	2	3
3.3	katjie	1	4	1	1
3.4	eerste	1	4	2	2
3.5	groente	1	4	1	2
3.6	goedkoopste	1	4	1	1
3.7	weekliks	1	4	1	2
3.8	teen	1	4	2	1
3.9	dit	1	4	2	1
3.10	stoksielalleen/vingeralleen	1	4	1	1
3.11	warm	1	4	1	1
3.12	Ai!	1	4	2	1
3.13	hoof/skoolhoof	1	4	1	3
3.14	die	1	4	2	1
3.15	vroeër	1	4	1	1
3.16	oom	1	4	1	1
3.17	sakke	1	4	1	1
3.18	broekspyp	1	4	1	1
3.19	eendag	1	4	1	1
3.20	ken	1	4	1	1

DENKVLAK 1: 14/20 (70%) DENKVLAK 2: 4/20 (20%) DENKVLAK 3: 2/20 (10%) = 100%

SUBTOTAAL: 20

VRAAG 4: SINSTRUKTURE [Verwerk uit Beeld, 19 Oktober 2011]

- Wanneer verlede tyd getoets word, moet **ge-** as EEN WOORD met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet te in verbinding met die infinitief as TWEE WOORDE geskryf word.
- Verder tel spelling nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag sê dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
4.1	<ul style="list-style-type: none"> • B • sout • B sout (Enige EEN)	1	4	2	1
4.2	Oupa sit vir 'n rukkie rustig op sy stoel. (Die volgorde moet korrek wees)	1	4	2	3
4.3	<ul style="list-style-type: none"> • D • opgewonde. • D opgewonde. (Enige EEN)	1	4	2	2
4.4	Ouma hou daarvan om koekies te bak.	1	4	2	3
4.5	<ul style="list-style-type: none"> • Oupa sê dat die koekies lekker ruik. • Oupa sê die koekies ruik lekker. (Enige EEN)	1	4	2	2
4.6	Wat gee Ouma vir Oupa?	1	4	2	1
4.7	<ul style="list-style-type: none"> • Daar was warm water in die ketel. • Daar was warm water in die ketel gewees. (Enige EEN)	1	4	2	2
4.8	Ouma gooi koffie in Oupa se beker.	1	4	2	2
4.9	<ul style="list-style-type: none"> • Oupa drink sy koffie, terwyl Ouma die kos maak. • Terwyl Ouma die kos maak, drink Oupa sy koffie. (Enige EEN) <i>(Indien die komma ontbreek, verloor die kandidaat nie die punt nie.)</i>	1	4	2	1
4.10	Die brood is deur Ouma gesny.	1	4	2	2

4.11	Vir middagete maak Ouma toebroodjies.	1	4	2	2
4.12	<ul style="list-style-type: none"> Ouma was die skottelgoed nadat hulle klaar geëet het. Nadat hulle klaar geëet het, was Ouma die skottelgoed. (Enige EEN) 	1	4	2	2
4.13	Die skoon borde word (deur Ouma) in die rak (deur Ouma) gepak (deur Ouma).	1	4	2	2
4.14	Oupa sê: “Die koffie is ✓ lekker.” ✓ ✓leestekens, ✓korrekte woordorde – “is” op die regte plek.	2	4	2	2
4.15	Oupa het ✓ na die radio geluister . ✓	2	4	2	2
4.16	Die kat sal/gaan ✓ sy rug (skuur) teen die stoelpoot skuur . ✓	2	4	2	1
4.17	Die yskas se deur staan nie ✓ oop nie . ✓	2	4	2	1
4.18	Ouma vra vir Oupa of hy/Oupa ✓ nog koffie wil hê . ✓	2	4	2	3
4.19	Nee, die kat sien niks ✓ onder die kas nie . ✓	2	4	2	1
DENKVLAK 1: 10/25 (40%) DENKVLAK 2: 11/25 (44%) DENKVLAK 3: 4/25 (16%) = 100%					
SUBTOTAAL: 25					

VRAAG 5: REDIGERING[Verwerk uit *Kuier*, 4 Julie 2012]

(170 woorde)

VRAAG	ASSESERINGRIGGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
5.1	gestyg	1	4	1	2
5.2	almal	1	4	1	2
5.3	Michael	1	4	2	1
5.4	Suid-Afrika	1	4	1	2
5.5	swaarste	1	4	1	2
5.6	om by die werk te kom .	1	4	1	1
5.7	klein	1	4	1	2
5.8	Hulle kan nie meer al hulle uitgawes betaal nie .	1	4	2	2
5.9	Wat kan mense doen om hul geldelike posisie te verbeter?	1	4	2	2
5.10	geleenthede	1	4	1	2
DENKVLAK 1: 2/10 (20%) DENKVLAK 2: 8/10 (80%) DENKVLAK 3: 0/10 (0%) = 100%					
SUBTOTAAL: 10					

VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE[Verwerk uit: *Google Images*]

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
6.1	<ul style="list-style-type: none"> D “Sulke swak punte! Dis onaanvaarbaar!” D “Sulke swak punte! Dis onaanvaarbaar!” (Enige EEN) (<i>Gevoelstaal</i>) 	1	4	3	3
6.2	<ul style="list-style-type: none"> A “Het Meneer nie 'n geldjie vir 'n baie honger man nie, asseblief?” A “Het Meneer nie 'n geldjie vir 'n baie honger man nie, asseblief?” (Enige EEN) (<i>Oorredingstaal</i>) 	1	4	3	3
6.3	<ul style="list-style-type: none"> C “As u vandag my produk koop, betaal u slegs die helfte van die prys.” C “As u vandag my produk koop, betaal u slegs die helfte van die prys.” (Enige EEN) (<i>Manipulerende taal</i>) 	1	4	3	3
6.4	<ul style="list-style-type: none"> D “Julle is verloorders; julle sal my tog nooit kan wen nie!” D “Julle is verloorders; julle sal my tog nooit kan wen nie!” (Enige EEN) (<i>Onsensitiewe taal</i>) 	1	4	3	3
6.5	<ul style="list-style-type: none"> C “Al julle oorgewig mense sit net heeldag en televisie kyk en oefen nie.” C “Al julle oorgewig mense sit net heeldag en televisie kyk en oefen nie.” (Enige EEN) (<i>Stereotipering</i>) 	1	4	3	3

DENKVLAK 1: 0/5 (0%) DENKVLAK 2: 0/5 (0%) DENKVLAK 3: 5/5 (100%) = 100%

SUBTOTAAL: 05**TOTAAL AFDELING C: 60**

AFDELING D: LETTERKUNDE**KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer****VRAAG 7: MY BROER SE KRAAI – Chris Barnard**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
7.1	In die veld (opgetel).	1	2	4	1
7.2	<ul style="list-style-type: none"> Sy vlerk was beseer/stukkend. Hy was half verkluiim. (Enige EEN)	1	2	4	1
7.3	<ul style="list-style-type: none"> B hy het nie van die hok gehou nie. B hy het nie van die hok gehou nie. (Enige EEN)	1	2	4	2
7.4.1	Onwaar	1	2	4	2
7.4.2	<ul style="list-style-type: none"> Hulle het gedink dat dit beter sou wees as die kraai losgelaat word. Die verteller het vir sy broer gesê hy dink dat die kraai homself sou loslaat as hy kon. Die broer wou die kraai hou. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	2
7.5.1	<ul style="list-style-type: none"> D ... het elke oggend by die kombuis brood gebedel. D ... het elke oggend by die kombuis brood gebedel. (Enige EEN)	1	2	4	2
7.5.2	<ul style="list-style-type: none"> E ... het gesê dat die kraai vry wou wees. E ... het gesê dat die kraai vry wou wees. (Enige EEN)	1	2	4	2
7.5.3	<ul style="list-style-type: none"> B ... het salf aan die stukkende plekke probeer smeer. B ... het salf aan die stukkende plekke probeer smeer. (Enige EEN)	1	2	4	2
7.5.4	<ul style="list-style-type: none"> A ... het in die oggende vuur gemaak. A ... het in die oggende vuur gemaak. (Enige EEN)	1	2	4	2

7.6	<ul style="list-style-type: none"> (Na) 3 (dae). (Na) drie (dae). (Enige EEN)	1	2	4	1
7.7	<ul style="list-style-type: none"> A personifikasie. A personifikasie. (Enige EEN)	1	2	4	2
7.8	Die verteller.	1	2	4	1
7.9	<ul style="list-style-type: none"> Hy het nie gedink dat die kraai sou terugkom nie. Die kraai was dan ongelukkig in die hok. Die kraai wou vry wees. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	3
7.10	D Die kraai het vroeg een oggend na die hok toe teruggekom.	1	2	4	2
	B Die kraai het brood en vleis gekry om te eet.	1	2	4	2
	C Die broer het nooit weer die hok se hekkie toegemaak nie.	1	2	4	2
	A Die kraai het nooit weer weggegaan nie.	1	2	4	2
7.11	JA: <ul style="list-style-type: none"> Baie mense hou papegaaie as troeteldiere aan. Papegaaie is beter troeteldiere as kraaie. Papegaaie bly makliker by mense. (Enige EEN) <p style="text-align: center;">OF</p> NEE: <ul style="list-style-type: none"> Die broer was lief vir die kraai. Die broer wou gehad het die kraai moes syne (wil) wees. Hy wou 'n slimmer voël as 'n papegaaie hê. (Enige EEN)	1	2	4	3
7.12	<ul style="list-style-type: none"> Hy het vir sy broer goeie raad gegee. Hy het self vir die kraai gaan kos haal, toe hy teruggekom het. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	3
7.13	<ul style="list-style-type: none"> C almal die vryheid van keuse wil hê. C almal die vryheid van keuse wil hê. (Enige EEN)	1	2	4	3
		[20]			
DENKVLAK 1: 4/20 (20) DENKVLAK 2: 12/20 (60) DENKVLAK 3: 4/20 (20) 20 = 100%					

OF

VRAAG 8: DIE RAMP – TT Cloete

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
8.1.1	(Per) vliegtuig	1	2	4	1
8.1.2	(In) Port Elizabeth	1	2	4	1
8.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit het gereën. • Daar het 'n sterk wind gewaai. • Dis pad was vol draaie. • Daar was baie passe. • Hulle het in die nag gery. • Die jongste kind was siek. • Die pa was alleen met die kinders. • Die kinders het oor hulle ma gehuil. (Enige EEN)	1	2	4	1
8.3	<ul style="list-style-type: none"> • D • die kleinste kindjie 'n hoë koors ontwikkel het. • D die kleinste kindjie 'n hoë koors ontwikkel het. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.4	<ul style="list-style-type: none"> • Die weldoener • Die bestuurder van die geel motortjie. • Die bestuurder van die Mini-stasiewaentjie. (Enige EEN)	1	2	4	1
8.5	<ul style="list-style-type: none"> • B • 'n vergelyking. • B 'n vergelyking. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.6.1	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... het die verkoeler gebreek en die water uitgelek. • C ... het die verkoeler gebreek en die water uitgelek. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.6.2	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... het 'n geel motortjie stilgehou. • E ... het 'n geel motortjie stilgehou. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.6.3	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... het die verteller sy weldoener op die neus gestamp. • A ... het die verteller sy weldoener op die neus gestamp. (Enige EEN)	1	2	4	2
8.6.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... kon die weldoener nie goed sien nie. • B ... kon die weldoener nie goed sien nie. (Enige EEN)	1	2	4	2

8.7	C	Die gesin het op Houtbaai vakansie gehou.	1	2	4	1
	B	Die verteller se vrou het baie siek geword.	1	2	4	1
	D	Die verteller het 'n probleem met sy motor gehad.	1	2	4	1
	A	Die verteller het die weldoener ontmoet.	1	2	4	1
8.8.1	Onwaar		1	2	4	2
8.8.2	Die weldoener wou geen geld/betaling aanvaar nie.		1	2	4	2
8.9	<ul style="list-style-type: none"> Die ramp verwys na die weldoener se dood. Die ramp verwys na die werklike/ernstige ramp. (Enige EEN of soortgelyk)		1	2	4	3
8.10	JA: <ul style="list-style-type: none"> Die weersomstandighede was swak. Daar was mis. Die pas was vol draaie. (Enige EEN of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> NEE: <ul style="list-style-type: none"> Hy sou kon sien waar hy gery het. Hy sou in die mis kon sien waar hy ry. (Enige EEN of soortgelyk)		1	2	4	3
8.11	JA: <ul style="list-style-type: none"> Mense help graag as hulle 'n kind sien. Hy het dit gedoen om die probleem te kon oplos. <p style="text-align: center;">OF</p> NEE: <ul style="list-style-type: none"> Die kind kon siek geword het. Dit was gevaarlik. (Enige EEN of soortgelyk)		1	2	4	3
8.12	<ul style="list-style-type: none"> B 'n mens se goeie dae nie altyd positiewe gevolge het nie. B 'n mens se goeie dae nie altyd positiewe gevolge het nie. (Enige EEN)		1	2	4	3
			[20]			
DENKVLAK 1: 4/20 (20) DENKVLAK 2: 12/20 (60) DENKVLAK 3: 4/20 (20) = 100%						

OF

VRAAG 9: LEUENS – CM Van den Heever

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
9.1	(In) Vrededorp	1	2	4	1
9.2	(Sy het vertel) dat hy 'n sakeman was. (Of soortgelyk)	1	2	4	1
9.3	<ul style="list-style-type: none"> Sy wou nie dat Olga sien waar sy woon nie. Sy wou nie hê Olga moes weet dat sy oor haar huislike lewe gelieg het nie. Sy was skaam oor haar huislike omstandighede. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	1
9.4	<ul style="list-style-type: none"> D 'n vergelyking. D 'n vergelyking. (Enige EEN)	1	2	4	2
9.5.1	Onwaar	1	2	4	2
9.5.2	Haar pa was bankrot.	1	2	4	2
9.6	<ul style="list-style-type: none"> C dit was nie die beste plek om haar kind groot te maak nie. C dit was nie die beste plek om haar kind groot te maak nie. (Enige EEN)	1	2	4	2
9.7	<ul style="list-style-type: none"> Hy kon nie 'n werk behou nie. Die skoolkommissie het hom gevra om te bedank. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	1
9.8.1	<ul style="list-style-type: none"> C ... het Naomi die Saterdagmôre na die elegante modes in die winkelvesters gekyk. C ... het Naomi die Saterdagmôre na die elegante modes in die winkelvesters gekyk. (Enige EEN)	1	2	4	2
9.8.2	<ul style="list-style-type: none"> A ... het Olga vir Naomi genooi om by haar te gaan kuier. A ... het Olga vir Naomi genooi om by haar te gaan kuier. (Enige EEN)	1	2	4	2
9.8.3	<ul style="list-style-type: none"> D ... het Naomi per bus na Olga se huis toe gery. D ... het Naomi per bus na Olga se huis toe gery. (Enige EEN)	1	2	4	2

9.8.4	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... het Naomi besef dat haar vriendskap met Olga nie weer dieselfde sou wees nie. • B ... het Naomi besef dat haar vriendskap met Olga nie weer dieselfde sou wees nie. (Enige EEN)	1	2	4	2
9.9	D Olga het Naomi met die motor by 'n mooi huis in Westcliff afgelaai.	1	2	4	1
	B Naomi het ver in die reën gestap om by haar huis te kom.	1	2	4	1
	A Naomi se man was kwaad omdat sy so laat tuis gekom het.	1	2	4	1
	C Naomi se seuntjie het vir haar nat rok gelag.	1	2	4	1
9.10	<ul style="list-style-type: none"> • Naomi was skaam oor haar omstandighede. • Dit was moeilik om te aanvaar dat sy arm was. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	3
9.11	JA: <ul style="list-style-type: none"> • Hulle was nie meer dieselfde mense wat hulle was toe hulle saam op skool was nie. • Hulle het albei verander. • Dit was nie meer die Olga van ouds/wat sy geken het nie. • Hulle het heeltemal van mekaar verwyderd geraak. • Hulle lewensomstandighede het heeltemal verskil. • Sy het klaar te veel leuens vertel. • Olga het agtergekom dat sy leuens vertel het. (Enige EEN of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> NEE: <ul style="list-style-type: none"> • Naomi kon vir Olga die waarheid vertel. • Hulle kon die ou vriendskapsbande hervat. • Olga kon miskien vir Naomi help om haar lewe te verbeter. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	3

9.12	<p>JA:</p> <ul style="list-style-type: none"> Hy het vir Naomi geld vir 'n nuwe rok gegee. Hy het opgeoffer om vir Naomi geld vir 'n nuwe rok te gee. <p>(Enige EEN of soortgelyk)</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>NEE:</p> <ul style="list-style-type: none"> Hy was agtelosig (daarom het hy sy werk verloor). Hy was onverantwoordelik (het verskeie werke verloor). Hy het nie vir die kind kos gemaak terwyl Naomi weg was nie. Hy het lelik met Naomi gepraat. Hy het nie werk gehad nie, maar hy het gerook. <p>(Enige EEN of soortgelyk)</p>	1	2	4	3
9.13	<ul style="list-style-type: none"> C Dit is beter om altyd die waarheid te praat as om te jok. C Dit is beter om altyd die waarheid te praat as om te jok. <p>(Enige EEN)</p>	1	2	4	3
		[20]			
DENKVLAK 1: 4/20 (20) DENKVLAK 2:12/20 (60) DENKVLAK 3: 4/20 (20) = 100%					

OF**VRAAG 10: TANT NELIE SE VEERPLUIME – Henriëtte Grové**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	LU	AS	VLAK
10.1	<ul style="list-style-type: none"> Tant Nelie se resep vir veerpluime. Tant Nelie se resepteboek. <p>(Enige EEN)</p>	1	2	4	1
10.2	<ul style="list-style-type: none"> Sy wou die beste bakster wees. Daar was 'n kompetisie tussen die Marés en die Wahls. <p>(Enige EEN of soortgelyk)</p>	1	2	4	1
10.3	<ul style="list-style-type: none"> C Kittie sou dan met hom trou. C Kittie sou dan met hom trou. <p>(Enige EEN)</p>	1	2	4	2
10.4	Tant Nelie	1	2	4	1

10.5.1	<ul style="list-style-type: none"> E “’n Man wat hom hot en haar laat rondstuur deur ’n vroumens ... skaam jy jou nie?” E “’n Man wat hom hot en haar laat rondstuur deur ’n vroumens ... skaam jy jou nie?” (Enige EEN)	1	2	4	2
10.5.2	<ul style="list-style-type: none"> A “Dis kinderagtig van Kit; ’n grootmens gaan nie so aan nie!” A “Dis kinderagtig van Kit; ’n grootmens gaan nie so aan nie!” (Enige EEN)	1	2	4	2
10.5.3	<ul style="list-style-type: none"> B “Ons sal hom eenvoudig moet vat. Daar is geen ander plan nie.” B “Ons sal hom eenvoudig moet vat. Daar is geen ander plan nie.” (Enige EEN)	1	2	4	2
10.5.4	<ul style="list-style-type: none"> C “Dis seker die Marés se sluier, of hoe?” C “Dis seker die Marés se sluier, of hoe?” (Enige EEN)	1	2	4	2
10.6	(In tant Nelie se) slaapkamer.	1	2	4	1
10.7.1	Onwaar	1	2	4	2
10.7.2	<ul style="list-style-type: none"> Daar was ’n sluier en ’n trouring in die pakkie. Ursa se bruidskat was in die pakkie. Die goed wat tant Nelie vir Ursa gebêre het, was in die pakkie. (Enige EEN)	1	2	4	2
10.8	<ul style="list-style-type: none"> B ’n vergelyking. B ’n vergelyking. (Enige EEN)	1	2	4	2
10.9	C Tant Nelie het Peet toegelaat om die boek vir Kittie te gee. A Kittie het uiteindelik die veerpluime gebak. D Peet het besef dat hy ’n groot fout begaan het. B Peet het na Ursa toe teruggegaan.	1 1 1 1	2 2 2 2	4 4 4 4	1 1 1 1
10.10	<ul style="list-style-type: none"> Hy het besef dat hy vir Ursa lief was. Hy het besef dat Kittie hom net gebruik het om die resep in die hande te kry. Hy het besef dat Kittie oppervlakkig was. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	4	3

10.11	<p>JA:</p> <ul style="list-style-type: none"> Hulle was van lankal af goeie vriende. Sy was die hele tyd lief vir hom. (Enige EEN of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> <p>NEE:</p> <ul style="list-style-type: none"> Sy sou hom eers moes vergewe omdat hy toegelaat het dat Kittie hom misbruik. (Of soortgelyk) 	1	2	4	3
10.12	<p>JA:</p> <ul style="list-style-type: none"> Sy het goed vir Ursa gesorg, al was sy nie ryk nie. Sy het baie goed gebak. Sy was 'n deftige/waardige vrou. Sy wou die resep vir veerpluime in haar eie familie hou. (Enige EEN of soortgelyk) <p style="text-align: center;">OF</p> <p>NEE:</p> <ul style="list-style-type: none"> Sy wou nie haar resepte met die ander mense deel nie. Sy was koud. Sy het nie die twis tussen haar familie en die Wahls vergeet nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	4	3
10.13	<ul style="list-style-type: none"> C nie verkeerde dinge moet doen om ander tevrede te stel nie. C nie verkeerde dinge moet doen om ander tevrede te stel nie. (Enige EEN) 	1	2	4	3
		[20]			

DENKVLAK 1: 4/20 (20) DENKVLAK 2: 12/20 (60) DENKVLAK 3: 4/20 (20) = 100%

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 120